# GRENDELTYD LES: Op reis saam met Moses 1

Hierdie les kan oor ses aande gedoen word.

## 1. ‘n Seuntjie word gebore:

**Speletjie**: Print die prentjie van Moses in die mandjie uit en steek dit iewers in die huis weg. Kyk wie Moses kan kry.

**Verhaal**: Eksodus 2:1-10

**Video clip**: https://youtu.be/6Hy3J_j88_c

**Vraag:** Wat leer hierdie gedeelte van Moses jou vir jou eie lewe?
( God het ‘n plan met jou lewe, al glo jy dit dalk nie. Hy het Moses gered, omdat Moses GROOT dinge vir Hom sou doen)

## 2. God roep vir Moses:

**Speletjie**: Print die prentjies met die voete uit. Kyk hoe vinnig julle die versie aanmekaar kan sit. Indien julle ‘n groot gesin is kan julle dit in pare doen.

**Verhaal**: Eksodus 3:1-10

**Video clip**: https://youtu.be/LZpYMr-Ed0Q

**Vraag**: Wat leer die roeping van Moses jou vir jou eie lewe?
(God wil jou gebruik, maak nie saak wat jy daarvan dink nie. Vir elke verskoning het God ‘n oplossing. God is die God van die onmoontlike – brandende bos / staf na slang verander / melaatse hand)

## 3. Die 10 plae van Egipte:

**Speletjie**: “Deel” die plek waar julle sit in twee. Lees die ‘would you rather’ scenarios rondom die 10 plae. Die res van die gesin moet dan kies watter een hulle verkies deur na ‘n kant van die vertrek te beweeg.

**Lees**: Eksodus 11:4-7 / 12:1-13

**Opsomming**: God het vir Moses en Aaron opdrag gegee om na Farao te gaan en hom te beveel om die Israeliete te laat gaan. God het egter elke keer Farao se hart verhard sodat hy hulle NIE laat gaan het nie. God het die vreeslikste plae oor Egipte gebring, en van die vierde plaag af het die plae net die Egiptenaars getref, maar nie die Israeliete nie. Elke keer wanneer God ‘n plaag gestuur het, het die Egiptiese towenaars dit probeer namaak, maar hulle kon nie.

Deur Farao se hart te verhard, wou God vir Egipte wys dat HY alleen God is, en niemand anders nie. In Eksodus 12:12 lees ons “Met al die Egiptiese gode sal Ek afreken”. Vir elke plaag wat God gestuur het, het die Epigtenaars ‘n god gehad, en deur die plae het God vir die Egiptenaars gewys dat hulle gode niks beteken nie, maar NET Hy alleen.

Die laaste plaag was die ergste. God het die nag voor die laaste plaag die paasfees vir die Israeliete laat instel. Hulle moes die bloed van ‘n lammetjie aan hulle deurkosyne smeer. Die doodsengel het die nag verbygekom, en wanneer hy die bloed aan die deurkosyne sien het hy

die eersgebore seuns in daai huise laat leef. Die doodsengel het al die eersgebore seuns van die Egiptenaars die nag van die 10 plaag laat sterf.

**Vraag**: Wat leer ons uit die 10de plaag?
(As God jou met sy bloed gemerk het – jy aan Hom behoort – is jy veilig. God alleen is God, geen mens kan namaak wat Hy doen nie. God beskerm Sy kinders).

## 4. Die wolk en die vuurkolom

**Speletjie**: Print die kaart uit, en werk as gesin saam instruksies uit hoe om vir iemand te verduidelik hoe om van 'n sekere straat tot by 'n volgende te kom volgens die kaart bv. by Smithstraat draai jy links, by reguitstraat draai jy regs ens.

**Lees**: Eksodus 13:17-22

**Vrae:**
1. Het die Israeliet 'n kaart gehad wat hulle gebruik het om hulle te wys hoe hulle moet trek?
2. Hoe het hulle dan geweet hoe om te trek?
3. Wat wil dit vir ons oor ons eie lewens leer?

**Toepassing**: Die Israeliete het nie kaarte nodig gehad om vir hulle te wys hoe en waar hulle moet gaan nie. God het dit self vir hulle gedoen. En so wil God vandag nog SELF vir jou die pad wys wat jy moet stap, maar dan moet jy Hom toelaat, en Hom VRA om jou te wys en jou te help.

## 5. God red die Israeliete:

**Speletjie**: Gebruik 'n laken of 'n tafeldoek vir hierdie speletjie. Ma en Pa hou die lap aan weerskante vas terwyl die kinders onder dit deur hardloop. Ma en Pa moet probeer om die kinders in die lap te vang.Die idee is natuurlik om nie gevang te word nie.

**Lees:** Eksodus 14:15-22

**Video clips**: https://youtu.be/wkru9sTnurU

**Vraag:** Wat leer hierdie gedeelte jou van God, en vir jou eie lewe?

**Toepassing**: God red vandag nog sy kinders. Baie keer dink ons ons is alleen, maar God is ALTYD by sy kinders. Baie keer wag Hy tot op die laaste oomblik om deur te kom vir jou, sodat jy op Hom moet vertrou, maar ook sodat Hy vir jou kan wys dat dit Hy was wat jou gered het. God het ons net so lief soos Hy vir die kinders van Israel is.

## 6. Manna uit die hemel:

**Speletjie**: Julle gaan “Simon says” speel. Elke keer as jy 'n opdrag gee en sê “Simon says”, moet hulle doen wat jy sê. As jy NIE “Simon says” sê nie, moet hulle niks doen nie.

**Lees**: Eksodus 16:2-5 / 16 / 19

**Opsomming**: Die Israeliete het weer by Moses begin kla, en gesê hulle wens dat hulle eerder in Egipte gebly het, want dan sou hulle ten minste iets gehad het om te eet. God het, getrou aan wie Hy is, vir Sy kinders gesorg. Hy het kos uit die hemel gestuur. Hierdie kos se naam was manna gewees, dit het soos brood gelyk, en het soet soos heuning gesmaak.

God het egter reëls met die optel van die manna gehad. Die Israeliete mag elke dag net genoeg opgetel het vir die dag. Twee liter per persoon. Elkeen moes vat volgens die getal mense in hulle tent.


Soos gewoonlik het die Israeliete nie na God geluister nie en meer opgetel as wat hulle moes. Die manna was die volgende oggend vol miet gewees en het gestink.

**Vraag**: Wat leer jy uit hierdie gedeelte?

**Toepassing**: Gehoorsaamheid aan God is belangrik, want dit hou ons binne Sy wil waar ons veilig is. God sorg vir Sy kinders, selfs wanneer ons moan en ongelukkig is met dit wat Hy vir ons gee. God gee vir ons was ons nodig het en nie altyd wat ons wil hê nie.

## Speletjies se hulpmiddels:

## 3.1 'n Seuntjie word gebore



**3.2 God roep vir Moses – Knip uit en gee vir die kinders**




**3.3 Die 10 plae van Egipte**

Woud you rather……

- Water in bloed verander wou sien, of hoe 'n stuk yster op water dryf?
- Padda's oral in jou huis wou hê, of saam met Noag wou wees in die ark met al die stinkende diere?
- Steekvlieë of springkane oral hê?
- Drie dae net donkerte hê of vir drie dae net lig hê?
- Sere oral op jou lyf, of hael wat jou stukkend slaan?
- 'n Opdrag van God uitvoer, wat vir jou stupid klink, of maar 'n kans vat en dit nie doen nie?

**3.4 Die wolk en die vuurkolom**




**Instruksies: Verduidelik hoe om van N Aberdeen St tot by W Walnut St te kom**

### 3.4 Die wolk en die vuurkolom




**Instruksies: Verduidelik hoe om van N Aberdeen St tot by W Walnut St te kom**